higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INHOUD IN MULTIMEDIA
NKR VLAK 3

(10040173)

7 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

368Q1N2007

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter EEN is 'n voorbeeld van 'n subtraktiewe digitale kleurstelsel?

A CMYK
B Pantone
C RGB
D 4-kleur

1.1.2 'n Groen logo hou verband met ...

A geluk, optimisme en somer.
B groei, vrugbaarheid en gesondheid.
C aandag, opgewondenheid en gevaar.
D vroulikheid, speelsheid en onvolwassenheid.

1.1.3 Die sigbaarste kleur in 'n komposisie word 'n ... kleur genoem.

A dominante
B aksent-
C basis-
D subtiele

1.1.4 In webontwerp is die meeteenheid vir tipe ...

A millimeter
B piksel
C duim
D punt

1.1.5 Die ... verwys na die hoogte van al die onderkasletters van 'n font.

A mediaan
B kophoogte
C basislyn
D x-hoogte

1.1.6 Negatiewe spasie verwys na die spasie ...

A wat deur die hoofelemente van 'n ontwerp ingeneem word.
B in 'n ontwerp wat deur skaduwees ingeneem word.
C rondom die hoofelemente in 'n ontwerp.
D agter die hoofelemente in 'n ontwerp.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Diagonale lyne suggereer ...

A rusteloosheid en onbeheersde energie.
B kalmte en vrede.
C stabiliteit en waardigheid.
D baie energie en verwarring.

1.1.8 Die term, illustrasie, sluit ... uit.

A posseëlsketse
B foto's
C rekenaartekeninge
D handgetekende beelde

1.1.9 'n Tipograaf gebruik ... om die wit spasie tussen twee letters in 'n font wat nie ewe groot is nie, byvoorbeeld w en i, groter of kleiner te maak.

A sporing
B pikselverdeling
C leiding
D letterspasiëring

1.1.10 'n Kleurinvulsel wat geleidelik van een waarde na die volgende verander, word 'n ... genoem.

A sikliese effek.
B gradasie-effek.
C skeidingseffek
D perspektief

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die RGB-kleurstelslel is 'n subtraktiewe kleurstelsel.

1.2.2 Ontwerpers mag nie vir inspirasie na ander ontwerpers se ontwerpe kyk nie omdat hulle kopiereg daarop het.

1.2.3 Videotitels wat vertikaal beweeg word roltitels ('scrolls') genoem.

1.2.4 QuickTime-video's is video's van goeie gehalte.

1.2.5 Lewering ('rendering') en eksportering van 'n video is dieselfde aksie.

1.2.6 'n E-boek is bloot 'n boek in digitale formaat.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Sporing in die vergroting of verkleining van die vertikale spasie tussen reëls.

1.2.8 Kreatiwiteit is dieselfde as oorspronklikheid.

1.2.9 'n ATM-skerm is 'n opsiegedrewe gebruikerkoppelvlak.

1.2.10 Organisatoriese vloeidiagramme is gewoonlik hiërargies en vloei van bo na onder.

1.2.11 Daar is vasgestelde reëls oor die teken van 'n vloeikaart.

1.2.12 Om 'n multimediaproduk te produseer, moet jy 'n probleemoplosser wees.

1.2.13 'n Gebruikerkoppelvlak is die tussenvlak van 'n rekenaarprogram.

1.2.14 In uitgewersagteware moet gidse nooit gebruik word om elemente te belyn nie.

1.2.15 .fla is 'n grafiese lêerformaat.

(15 × 1) (15)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies 'n woord/item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Verwys na die spasie wat deur die elemente van 'n ontwerp beklee word	A	verliesend
1.3.2	Ontwerpelemente wat herhaaldelik gebruik word om 'n gevoel van georganiseerde beweging te skep	B	bandwydte
1.3.3	Uitsaaivideoformaat vir die Afrikastreek en Japan	C	ritme
1.3.4	Video word oor die internet direk van die uitsaaier na die kyker gestuur	D	HDMK
1.3.5	Die totale kapasiteit van 'n elektroniese verbinding	E	stroming
1.3.6	Om inligting na 'n digitale formaat om te sit	F	PAL
1.3.7	'n Metode waarvolgens die gelyke en ongelyke lyne van 'n beeld afsonderlik verfris word	G	digitisering
1.3.8	'n Formaat waarvolgens data saamgedruk en onnodige inligting verwerp word	H	nie-geïnterlinieerde aftasting
1.3.9	Die verhouding van die breedte en die hoogte van 'n beeld of skerm	I	ewewig
1.3.10	Kabel wat klank en HD-video digitaal na 'n televisie oordra	J	beeldverhouding
		K	wit spasie

(10 × 1) (10)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 ... is 'n tegniek wat gebruik word om tussenraampies outomaties in animasie te skep.

1.4.2 Die proses om een fatsoen in animasie na 'n ander te verander, word ... genoem.

1.4.3 ... beheer die spoed van die beweging tussen die sleutelrame in animasie.

1.4.4 ... -lyne definieer die randte van voorwerpe.

1.4.5 'n ... is 'n spesiale laag waar die animeerde 'n pad vir 'n voorwerp kan skep om te volg.

1.4.6 Die verandering van die klank van 'n stukkie musiek as gevolg van verliesende kompressie word ... genoem.

1.4.7 Ongeredigeerde video, direk van die videokamera af, word ... genoem.

1.4.8 Enige woorde wat in 'n film vertoon word, word ... genoem.

1.4.9 'n ... beweeg die eerste reël van 'n paragraaf weg van die kantruimte af.

1.4.10 Die dialoog tussen 'n rekenaarprogram en 'n menslike gebruiker word ... genoem.

1.4.11 Voordat daar met 'n projek begin word, moet 'n ... saamgestel word om die areas waaroor daar onvoldoende inligting bestaan, te identifiseer.

1.4.12 Dit is belangrik om knoppies soos Home, Back, Next, ens. in 'n gebruikerkoppelvlak te hê om die gebruiker te help om deur die program te ...

1.4.13 Die ontwerpfase van 'n multimediadokument bestaan uit die volgende fases: opstel van die dokument, produksie van die inhoud, lêervoorbereiding en ...

1.4.14 Die persoon in die produksiespan wat verantwoordelik is vir die ontwerp van elemente soos die logo, grafika, prente en 3D-voorwerpe word die ... genoem.

1.4.15 ... (wat gewoonlik aan die einde van 'n film vertoon word) is 'n lys van die rolverdeling en span wat vir 'n bepaalde film, televisieprogram of videospeletjie verantwoordelik was.

(15 × 1) (15)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bespreek waar 'n maskeerlaag in animasiegebruik sal word. (3)

2.2 Beantwoord die volgende vrae oor die registrasie van 'n simbool:

2.2.1 Verduidelik die voordeel daarvan om 'n simbool te registreer. (3)

2.2.2 Noem en verduidelik DRIE tipes simbole wat in animasie gebruik word.
(3 × 2) (6)

2.3 Bespreek die volgende videoformate:

2.3.1 MPEG-4 Part 14 (4)

2.3.2 WMV (4)

2.4 Bespreek die volgende beginsels van videoredigering:

2.4.1 Bypassende toon (2)

2.4.2 Bewaring van skermrigting (3)

VRAAG 3

3.1 Noem DRIE tipes redigeringsoordragte wat 'n videoredigeerder tussen tonele kan gebruik. (3)

3.2 Definieer *elektroniese publikasie*. (4)

3.3 Bespreek (in detail) die vereistes van 'n ontwikkelingstelsel om professionele, multimedia-inhoud van hoogstaande gehalte vir openbare verbruik te ontwikkel. (4)

3.4 Definieer die volgende:

3.4.1 E-boek (2)

3.4.2 Afkapkring ('clipping path') (2)

3.4.3 Indeks (3)

3.5 Noem enige VIER items wat gewoonlik op 'n tydskrif se voorblad ingesluit word. (4)

3.6 Bespreek kortliks waarom 'n tipograaf letterspasiëring ('kerning') sal gebruik. (3)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Lig enige TWEE voordele van gekoppelde beelde ('linked images') in 'n dokument uit. (2 × 2) (4)

4.2 Definieer die doel van 'n *inhoudbladsy* in 'n boek. (4)

4.3 Bespreek die produksiefases deur na aktiwiteite te verwys wat tydens die volgende fases plaasvind:

4.3.1 Voorproduksie (5)

4.3.2 Produksie (5)

4.3.3 Naproduksie (5)

4.4 Noem enige TWEE voorbeelde van videoredigeringsagteware. (2)
[25]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die rol van die volgende lede van 'n multimediaproduksiespan:

5.1.1 Produksiebestuurder

5.1.2 Animeerder

5.1.3 Teksredigeerder

5.1.4 Multimedia-argitek

(4 × 4) (16)

5.2 Gee DRIE voorbeelde van digitale dienste wat vir multimediaproduksie gebruik kan word. (3 × 1) (3)

5.3 Noem SES elemente wat in 'n vloeidiagram ingesluit kan word. (6 × 1) (6)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou